**13 APRIL** **SKRIFGEDEELTE: EFESIËRS 5:6-20**
**FOKUSGEDEELTE: EFESIËRS 5:14, 18-20**

## Dronkmansliedere of Geesvervulde sang?

Dit wat ‘n mens sing of fluit wys baiekeer wat in jou hart omgaan. As jy bly is, sal ‘n vrolike lied oor jou lippe kom, as jy hartseer is, ‘n treurige een, en as jy dronk is, ‘n dronkmanslied, wat so dikwels banaal en vulgêr is en nog met ander losbandigheid gepaard gaan. Met die eerste twee uitinge van jou hartsgevoelens is daar sekerlik nie fout nie, maar met die laaste een wel. Hierteen waarsku die Here ons by monde van die apostel. Die alternatief hiervoor is Geesvervulde liedere. Dan gaan dit nie net om gemeentesang nie, maar dat ons “onder mekaar” (vs. 19) sal sing oral waar gelowiges teenwoordig is.

Dit is duidelik dat daar ‘n ryke verskeidenheid van liedere moontlik is, maar elkeen moet voldoen aan die een vereiste, naamlik dat dit Geesvervuld moet wees. Ook moet dit een doel hê, naamlik om al meer met die Gees vervul te raak. Die manier waarop ons die liedere moet sing, word ook aangedui (vs. 19): “…sing met julle hele hart tot eer van die Here.”

Wat ons moet onthou, is dat hierdie gedeelte nog steeds staan onder die hoofopskrif van hoofstuk 4:3, naamlik *Eenheid, gekenmerk deur vrede*. Wat is die situasie in ons kerke in hierdie verband? Bevorder dit wat ons sing of nie sing nie, die eenheid en vrede? Sing ons uit ons harte tot God se eer? Gebruik ons ook liedere (soos dié in vs. 14) om ander tot geloof te bring, of gaan dit net om onsself?

Kom ons roep mekaar op (vs. 16): “Maak die beste gebruik van elke geleentheid …” om Geesvervulde liedere met ons hele hart te sing tot eer van die Here, omdat ons mateloos dankbaar is vir sy heerlike verlossing in Jesus Christus.

*Sing: Psalm 150:2 (bl. 719)* *Ds Roelf du Plessis (Gobabis)*